

OORSIG

Media24 het uitstekende resultate vir die finansiële jaar behaal, met omsetgroei van 2% tot R4.8mjd en 'n verlaging van die handelsverlies met 54% tot R152m – albei jaar tot jaar. Hierdie prestasie is ondersteun deur groei in e-handelsomset, buitengewone skoolhandboek-bestellings en streng kostebestuur in die hele maatskappy. Dit het die impak van 'n ekonomie wat erg onder druk verkeer, en volgehoue strukturele dalings in drukmedia teengewerk. Ons groeiportefeulje (hieronder toegelig) het besonder goed gevaar deur sy handelsverlies jaar tot jaar met meer as die helfte te verminder, terwyl ons belegging in e-handel (aantly kleinhandel) en vaartbelyning van ons digitale mediawerksaamhede resultate begin lewer het.

Die nasionale staat van inperking om die Covid-19-pandemie te bevog het op 26 Maart in werking getree, net voor die finansiële jaareinde. Gevolglik het dit 'n minimale impak op die finansiële resultate vir die jaar tot 31 Maart 2020 gehad. Nietemin het die pandemie 'n vernietigende uitwerking op ons reeds kwesbare drukmedia-bedrywigehede met aansienlike dalings in sirkulasies en advertensies.

Gegee die somber vooruitsig vir drukmedia het ons reeds inryngings gemaak om verliese te beperk namate ons voortgaan met ons strategiese reis om vir Media24 in 'n groeiende digitale landskap 'n volhoubare toekoms te skep. Ons sal ons planne en strategieë by die sakerealtite ná die pandemie aanpas soos hulle ontwikkel.

BEDRYFSOORSIG

Ons drukmedia-afdeling het sterk resultate behaal met kostedoeltreffendheid by ons koerant-, tydskrif- en verspreidingsafdelings wat strukturele dalings in sirkulasie- en advertensie-inkomste teengewerk het. Ons het ons leiersposisie ten opsigte van koerant- en tydskrifcirculasie, asook advertensiemarktaandeel behou. Media24 is die uitgewer van vier van die top 10 koerantittels (soos gemeet deur betaalde sirkulasie), en ses van die top 10 tydskrifte in die land. Ons joernaliste en koerante het sewe Standard Bank Sikuvile-joernalistiektoekennings ingepalm, waaronder toekennings vir SA-storie van die jaar, joernalis van die jaar en ondersoekende joernalistiek aan City Press-joernaliste Siphso Masondo en Dewald van Rensburg, vir hul brekende storie en dekking van transaksies by VBS Mutual Bank. Beeld het die gesogte Frewin-prys gewen en City Press het die Joel Mervis-trofee gedeel. Ons koerant- en tydskrifadvertensie-verkoopspanne het die advertensiebedryf se MOST-toekennings oorheers, en weggestap met die toekening vir media-eienaar van die jaar in hul onderskeie kategorieë, terwyl Ads24 ook die wenner in die bemarkingsdienste-kategorie was.

24.com, tuiste van ons digitale mediahandelsmerke, het hom verder gevestig as die voorste nuusbestemming vir Suid-Afrikansers. Danksy uitstekende dekking van die verkiesing en die Covid-19-pandemie, wat beide News24 en Netwerk24 se verkeer tot rekordhoogtes laat styg het, het die totale gemiddelde maandelike unieke blaaiers sedert April 2019 met 29% toegeneem tot 19.5m en gemiddelde maandelike bladlese met 14% tot 508m. Amper 90% van hierdie verkeer was afkomstig van mobiele toestelle en toepassings (apps).

News24 het 'n uitstekende vertoning gelewer, terwyl die Reuters-instituut dit boonop as die mees vertroute digitale nuushandelsmerk in Suid-Afrika aangewys het. Netwerk24, wat toegang bied tot brekende nuus in Afrikaans en die inhoud van ons Afrikaanse koerante en tydskrifte, het sy intekenaarbasis jaar tot jaar met 32% tot 59 912 uitgebrei en sy posisie as die grootste betaalmuut-nuuswerf in Suid-Afrika behou. Die verslaggewers van News24 wat bygedra het tot die veelbekroonde reeks #GuptaLeaks-onthullings oor staatskaping is as medewenners aangewys van die Global Shining Light-toekening deur die Global Investigative Journalism Network, wat as die wêreld se mees gesogte toekening vir ondersoekende joernalistiek beskou word. 24.com is by die jaarlikse IAB Bookmarks-toekennings aangewys as medewenner van die Black Pixel-toekening vir die beste digitale uitgewer, die vierde agtereenvolgende jaar wat hulle hierdie eer ontvang het. Die nuus- en kommersiële spanne het ook twee WAN-IFRA African Digital Media-toekennings ingepalm en was naaswenners in vier ander kategorieë.

Collegium en Via Afrika het baat gevind by uitstekende skoolboekbestellings in Botswana en goeie bestellings in Suid-Afrika. Veranderings aan die Nasionale Finansiële Hulpeskema vir Studente (NSFAS) se uitbetalingsbeleid het egter steeds die verkope van akademiese handboeke geknou. Hoewel die handelsuitgewers sektor die uitwerking van die trae ekonomie gevoel het, het NB Uitgewers sy markleiersposisie behou en verskeie literêre pryse ingepalm. Hieronder tel die Association of American Publishers Freedom to Publish – Jeri Laber-toekening vir Jacques Pauw se boek The President's Keepers. Jonathan Bail Publishers het die markleier in sy sektor geword met 'n sterk reeks topverkopers, waaronder The Stellenbosch Mafia deur Pieter du Toit, wat meer as 20 000 eksemplare verkoop het en meer as 12 weke bo-aan plaaslike topverkoperlyste verskyn het.

Die Afrikaanse leefstyl- en vermaaktelevisiekanal VIA by die gewildste leefstylkanal onder DStv se spitstydskryers, en het in Januarie 2020 'n daaglikse kykertal van 295 000 bereik. Advertensie-inkomste het jaar tot jaar meer as verdubbel en bygedra tot 'n vyfvoudige verbetering in sy winsprestasie teenoor die vorige jaar.

As die grootste aantly modekleinhandelaar in die land, is Fashion United SA Eiendoms Beperk (FUSA/Superbalist) goed geposisioneer om uit die beduidende groei in e-handel in die land munt te slaan. Kontraklogistiek, ons voldiensverspreider van aantly verkope, vind ook baat by hierdie neiging, en e-handelsvervullingsvolumes het jaar tot jaar met 25% toegeneem ondanks die verlies van die Spree-rekening in die vorige jaar, toe dit met Superbalist saamgesmelt het.

Careers24, ons aantly portaal vir geklassifiseerde werkadvertensies, voel die impak van 'n ekonomie wat onder druk verkeer, en 'n afname in indiensneming, veral in die klein en medium sakesektore. Dit is egter teengewerk deur sterk hernuwings van bestaande kliënte.

FINANSIËLE OORSIG

Media24 se ondernemings bestaan uit die volwasse portefeulje (koerante, tydskrifte, boekuitgewery en verspreiding) en die groeiportefeulje (digitale media, e-handel, e-handelsvervulling, geklassifiseerde werkadvertensies en aantly dienste). Vanaf Oktober 2018 het ons aantly modebestemming Spree met Naspers se aantly handelsmerk Superbalist saamgesmelt om Suid-Afrika se grootste aantly modebestemming FUSA (handeldrywend as Superbalist) te skep, waarin Media24 'n belang van 51% besit. Die huidige tydperk sluit dus gekonsolideerde FUSA-resultate in.

Media24 se omset het jaar tot jaar met 2% gestyg tot R4.8mjd, terwyl die handelsverlies met 54% tot R152m afgeneem het. Kernwensresultate het verbeter van 'n verlies van R190m tot 'n wins van R25m oor die tydperk. Hierdie resultate was hoofsaaklik te danke aan FUSA, tesame met deurlopende kostebestuur in die hele besigheid en die nie-herhaling van afskrywings van die vorige jaar.

Ondanks die feit dat die volwasse portefeulje in ooreenstemming met wêreldwye tendense 'n omsetdaling van R312m (-7%) jaar tot jaar aangeteken het en sy handelswins jaar tot jaar met R61m (-19%) tot R262m afgeneem het, het dit nog steeds verwagtinge oortref. Dit het volgehoue kostebestuur in hierdie portefeulje wespiesêl, wat tesame met omsetgroei van 7% op groter handboekbestellings die daling in advertensie- en sirkulasie-inkomste (onderskeidelik -11% en -9%) gedeeltelik teengewerk het.

Handelsverliese in die groeiportefeulje het met 52% tot R250m afgeneem nadat die nuus-samevoegers gesluit is, ons digitale werksaamhede meer vaartbelyng gemaak is en die vorige jaar se afskrywings nie herhaal is nie. Hierdie portefeulje se omset het jaar tot jaar met 30% gegroei, terwyl Media24 die voordeel begin kry van die konsolidasie van FUSA se resultate. Die groeiportefeulje het 28% (2019: 21%) van totale omset bygedra.

Kontant uit bedryfsaktiwiteite het met R397m verbeter weens die verminderde handelsverlies vir die tydperk en kleiner belegging in bedryfskapitaal. Media24 het 'n goeie gekapitaliseerde balansstaat, met R1.1mjd kontanthulpbronne wat beskikbaar is om steeds ons werksaamhede te befonds terwyl die Covid-19-krisis voortduur.

DIVIDEND

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van R42m (2019: R42m) verklaar en aan aandeelhouers betaal word, onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 27 Augustus 2020.

WELKOM YIZANI

Welkom Yizani, Media24 se skema vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB), het in November 2018 begin om sy aandele op die Equity Express Securities Exchange te verhandel. Naspers Beperk, voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani, het voorkeuraandeelskuld en opgeloope rente ten bedrae van R434m kwytgeskeld wat Welkom Yizani volgens die skemareëls sedert 2016 geskuld het. Gevolglik kon ongeveer 87 460 aandeelhouers in die skema sedert 2017 onmiddellike ekonomiese voordeel uit hul aandele verkry. Tot dusver is dividende ter waarde van R283m aan beleggers betaal.

Welkom Yizani se algemene jaarvergadering word op 27 Augustus 2020 gehou. Die direksie van Welkom Yizani beveel aan dat 'n gewone dividend van R6.2m (2019: R6.2m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 42.5 sent per gewone aandeel (2019: 42.5 sent per gewone aandeel) voor dividendbelasting. Na aftrekking van dividendbelasting sal Welkom Yizani gewone aandeelhouers 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2019: 34 sent per gewone aandeel) ontvang. Die verklaring van dividende is onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering.

AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die opgesomde gekonsolideerde jaarresultate is opgestel in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet vir opgesomde finansiële state. Hierdie resultate is ook opgestel ooreenkomstig die raamwerk-konsepte en melings- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Die resultate moet saam met die volledige stel geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate gelees word. Hierdie rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas op al die jare wat weergegee word, tensy anders vermeld.

Handelwinst sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit, maar sluit rente op finansieringsbruikhuurkontrakte in. Kernwensverdiensle sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf van die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewte term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslagdoening gebruik word nie.

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van Mobasheer Patel, GR(SA), finansiële hoof van die Media24 Beherend-groep.

Die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar op Media24 se webwerf by www.media24.com.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Hierdie aankondiging oor die jaarresultate is uit geouditeerde inligting verkry, maar is nie self geoudit nie. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is geoudit deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC). PwC se ongekwalifiseerde ouditmening is op aanvraag gedurende gewone kantoorure by die maatskappy se geregistreerde kantoor beskikbaar (kontak: Mobasheer Patel). Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PwC nagegaan nie en hulle het nie daaroor verslag gedoen nie.

GEBEURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSDATUM

President Cyril Ramaphosa het op 23 Maart 2020 in reaksie op die Covid-19-uitbreking aangekondig dat 'n staat van nasionale inperking vanaf 26 Maart 2020 vir 21 dae sou geld. Op 9 April 2020 is 'n verlenging tot 30 April aangekondig. Die nasionale inperking en die verwagte verlansaming in die ekonomie sal verkope en winsgewendheid na verwagting negatief raak, maar die direksie is van mening dat die groep in die volgende boekjaar 'n lopende saak sal bly.

Met ingang van 1 April 2020 het Media24 Eiendoms Beperk 'n 100%-aandeelhouding in die Londense boekuitgewer Icon Books Limited vir R33m verkry. Betaling het voor 31 Maart 2020 geskied en word ingesluit as voorafbetaling onder "ander debiteure".

Met ingang van 1 April 2020 het Media24 Eiendoms Beperk 'n tweejaar-huurooreenkoms met Naspers Eiendomme Eiendoms Beperk gesluit vir die huur van die Media24-sentrum in Kaapstad. Die uitkoms is 'n reg-van-gebruik-bate en ooreenkomstige bruikhuurverpligting van R66m.

Met ingang van 1 Junie 2020 het Media24 Eiendoms Beperk 'n 100%-aandeelhouding in 'n digitale agentskap, Swipe Interactive Eiendoms Beperk, vir R23m verkry.

Die direkteure is nie bewus van enige ander gebeurtenis wat tussen die verslagdoeningsdatum en die datum van hierdie verslag plaasgevind het en 'n wesentlike uitwerking op die finansiële jaarstate sal hê nie.

Namens die direksie

Rachel Jafra
Vooritter
Kaapstad
29 Junie 2020

Ishmet Davidson
Uitvoerende hoof

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2020	2019
	R'000	R'000
Aantekeninge		
Inkomste uit kontrakte met kliënte	4 788 937	4 713 829
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	(3 475 769)	(3 517 931)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	(1 506 507)	(1 571 718)
Ander netto winste	(28 477)	8 492
Bedryfsverlies	(221 816)	(367 328)
Rente ontvang	78 423	79 480
Rente betaal	(8 424)	(4 469)
Ander netto finansieringskoste	(4 591)	1 860
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate – geassosieerde maatskappye	–	(1 815)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate – gesamentlike ondernemings	19 984	19 719
Waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings	–	(15 804)
Wins met verkrygings en vervoemdings	30 334	3 592
Verlies voor belasting	(106 090)	(284 765)
Belasting	(34 946)	(20 768)
Verlies vir die jaar	(141 036)	(305 533)
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteitshouers van die groep	(48 216)	(254 625)
Nie-beherende belang	(92 820)	(50 908)
	(141 036)	(305 533)

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2020	2019
	R'000	R'000
Aantekening		
Verlies vir die jaar	(141 036)	(305 533)
Totale nábelaste ander omvattende verlies vir die jaar	(125 992)	(4 956)
Buitelandsevaluta-omrekeningsreserwe	3 430	(6 881)
Aktuariële hermetingsreserwe	10 526	24 390
Billikewaarde-reserwe	(139 948)	(22 465)
Totale omvattende verlies vir die jaar	(267 028)	(310 489)
Toeskryfbaar aan:		
Ekwiteitshouers van die groep	(174 237)	(259 493)
Nie-beherende belang	(92 791)	(50 996)
	(267 028)	(310 489)

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2020	2019
	R'000	R'000
Aantekeninge		
Saldo aan die begin van die jaar	1 108 698	1 156 882
Totale omvattende verlies vir die jaar	(174 237)	(259 493)
Veranderings in ander reserwes	561 023	72 171
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	11 107	(1 267)
Beweging in ander reserwes	572 056	93 526
Beweging in behoue verdienste	19 827	21 879
Dividende aan aandeelhouers betaal	(41 967)	(41 967)
Veranderings in nie-beherende belang	(147 824)	139 138
Totale omvattende inkomste vir die jaar	(92 791)	(50 996)
Dividende aan minderhede betaal	(17 961)	(6 210)
Beweging in nie-beherende belang in reserwes	(37 072)	196 344
Saldo aan die einde van die jaar	1 347 660	1 108 698
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	4 866 667	4 866 667
Opgeloope verlies	(2 881 235)	(2 810 879)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	22 120	11 013
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	(3 419 634)	(3 433 479)
Kapitaalbydrae	3 075 548	2 516 912
Aktuariële hermetingsreserwe	(24 262)	(34 333)
Billikewaarde-reserwe	(339 698)	(199 750)
Ander reserwes	5 448	2 017
Nie-beherende belang	42 706	190 530
Totaal	1 347 660	1 108 698

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2020	2019
	R'000	R'000
Aantekeninge		
Bates	756 241	1 088 550
Nie-bedryfsbates	240 983	343 353
Eiendom, aanleg en toerusting	229 101	258 464
Klandiseeware	122 271	169 979
Ontasbare bates	–	2 239
Beleggings in geassosieerde maatskappye	31 967	22 149
Beleggings in gesamentlike ondernemings	118 904	257 253
Beleggings en lenings	13 015	35 113
Uitgestelde belasting	2 163 734	2 236 471
Bedryfsbates	359 951	447 139
Voorraad	452 061	495 083
Handelsdebiteure	114 458	84 908
Ander debiteure	5 299	2 916
Kontrakbates	3 220	5 696
Bedrae ontvangbaar van verwante partye	908 869	989 591
Lenings en bedrae ontvangbaar	2 807	656
Afgeleide finansiële instrumente	219 391	210 482
Kontant en kontantekwivalente	97 678	–
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	2 919 975	3 325 021
Totale bates	2 919 975	3 325 021
Ekwiteit		
Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die ekwiteitshouers van die groep	1 304 954	918 168
Aandelekapitaal en -premie	4 866 667	4 866 667
Ander reserwes	(680 478)	(1 137 620)
Opgeloope verlies	(2 881 235)	(2 810 879)
Nie-beherende belang	42 706	190 530
Totale ekwiteit	1 347 660	1 108 698

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE (VERVOLG)

	Aantekeninge	Jaar geëindig 31 Maart	
		2020	2019
		R'000	R'000
Verpligtinge			
Nie-bedryfslaste		385 025	398 227
Langtermynverpligtinge	2	20 871	17 607
Uitgestelde belasting		25 728	31 580
Nádiens- mediese verpligting		294 048	297 182
Aandeelgebaseerde vergoedingsverpligting met kontant betaal		2 822	1 145
Voor sienings		41 556	50 713
Bedryfslaste		1 187 290	1 818 096
Handelskrediteure		233 620	286 334
Opgeloope uitgawes en ander bedryfslaste		641 853	629 656
Kontrakverpligtinge	9	131 271	142 842
Bedrae betaalbaar en lenings – verwante partye		6 143	23 476
Nádiens- mediese verpligting		28 670	23 992
Belasting		–	99
Korttermyn gedeelte van langtermynverpligtinge	2	25 679	3 931
Lenings van groepmaatskappye	14	96 715	666 040
Voor sienings		23 339	41 726
Totale ekwiteit en verpligtinge		2 919 975	3 325 021

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Aantekeninge	Jaar geëindig 31 Maart	
		2020	2019
		R'000	R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegeneer uit/(aangewend in) bedryfsaktiwiteite	17	48 743	(348 732)
Rente betaal		(8 933)	(3 093)
Rente ontvang		79 147	79 48

Met die oorgang na IFRS 16 het die groep reg-van-gebruik-bates van R59m en huurkontrakverpligtinge van R64m erken. Die verskil het hoofsaaklik verband gebou met vooraf bestaande voorsienings vir beswarende huurkontrakte en vooraf betaalde of opgelope huurkontraktbetalings wat aangesuiwer is tot die drawaarde van die toepaslike onderliggende reg-van-gebruik-bates. Buiten huurkontrakte vir bates met ’n lae waarde en korttermynhuurkontrakte, is huurkontrakverpligtinge betaalbaar en reg-van-gebruik-bates gemeet deur huurkontraktbetalings (insluitend dié wat voortspruit uit verlengingsopsies waar van toepassing) te diskonteer met gebruik van die ooreenstemmende huurkontrak se inkrementele leenkoers soos op 1 April 2019. Die geweede gemiddelde van die huurder se inkrementele leenkoers wat toegepas is op die huurkontrakverpligtinge was 9.8%.

Die groep verantwoord reg-van-gebruik-bates onder "eiendom, aanleg en toerusting" en huurverpligtinge betaalbaar onder "langtermynverpligtinge" in die staat van finansiële posisie. Rente op huurkontrakverpligtinge word ingesluit by "rente betaal" in die inkomstestaat en ook by die "kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite" in die staat van kontantvloei.

Die groep se huurreëlings hou meestal verband met geboue en motorvoertuie. Huurkontrakte word normaalweg gesluit vir ’n vaste termyn van tussen twee en 10 jaar, afhangend van die aard van die onderliggende bate wat gehuur word. Huurooreenkomste kan verlenging- en/of beëindigingsopsies bevat wat deur die groep uitgeoefen kan word. Met die bepaling van die huurtermyn vir kontrakte wat verlenging- en/of beëindigingsopsies insluit, oorweeg die groep al die fette en omstandighede wat as ’n finansiële aansporing kan dien om ’n verlenging- en/of beëindigingsopsie uit te oefen of nie. Die huurkontrakte bevat nie enige spesifieke finansiële ooreenkoms nie, maar huurbates mag nie as sekuriteit vir lenings gebruik word nie.

In die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 het die groep die bedryfshuurverpligtinge volgens IAS 17 op ’n ongediskonteerde grondslag weergegee. Die oorgang na IFRS 16 maak voorsiening vir ’n versoening van die huurkontrakverpligtinge soos op 31 Maart 2019, wat verantwoord is ingevolge IAS 17, met die huurkontrakverpligtinge soos op 1 April 2019, wat verantwoord word op ’n gediskonteerde grondslag met gebruik van die geweegdegemiddelde-leenkoers. Besonderhede oor die impak van die oorgang na IFRS 16 op die finansiële state word hieronder verskaf:

	1 April	
	2019	
	Hersaamgestel	
	R’000	
Bedryfshuurverpligtinge ingevolge IAS 17		
Bedryfshuurverpligting op 31 Maart soos geopenbaar ⁽¹⁾	145 727	
Gediskonteer met gebruik van die inkrementele leenkoers soos op 1 April 2019	103 103	
Erkenningsuitsonderings		
Korttermynhuurkontrakte	(39 542)	
Huurkontrakverpligtinge erken op 1 April 2019	63 561	
<i>Min:</i> Korttermyn gedeelte van huurkontrakverpligtinge	(35 511)	
Langtermyn gedeelte van huurkontrakverpligtinge	28 050	

(1) Die groep het hierdie huurkontrakverpligtinge op ’n ongediskonteerde grondslag geopenbaar in die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2019.

3. Eiendom, aanleg en toerusting
Die beweging in eiendom, aanleg en toerusting, buiten die toepassing van IFRS 16 (+R59m) en oordrag na gehou-vir-verkoop-bates (-R98m) soos geopenbaar in aantekeninge 2 en 8, is hoofsaaklik weens waardevermindering vir die tydperk (-R84m) en bedryfsverkrygings en -vervreemdings (+R21m).

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Koste		
Beginsaldo	299 074	176 596
Verkryging van filiale/besigheid	—	117 889
Vervreemding van filiale/besigheid	(26 165)	—
Herklassifiserings	(29 190)	4 589
Eindsaldo	243 719	299 074
Opgelope waardedaling		
Beginsaldo	40 610	40 610
Vervreemding van filiale/besigheid	(26 165)	—
Waardedaling	29 363	—
Herklassifiserings	(29 190)	—
Eindsaldo	14 618	40 610
Netto boekwaarde	229 101	258 464

Klandisiewaarde is aan ’n jaarlikse evaluering van waardedaling onderworpe. Die verhaalbare bedrae is bepaal deur die berekening van waarde in gebruik. ’n Diskontokoers van 16% en groei­koers van 1.6% is gebruik. Die waardedalingsverlies vir 2020 hou verband met ons reisbesigheid, Red Carpet Travel (R26m), en sommige gedrukte tydskriete in Infixion Media (R3m).

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Oorspronglenings	2 200	2 200
Teen billike-waarde-via-ander-omvattende-inkomste-beleggings ⁽¹⁾	115 104	255 053
Teen billike-waarde-via-wins- of verliesbeleggings	1 600	—
	118 904	257 253

(1) Die groep het 19% in Novus Holdings Limited behou ná die uitkeer van 47.5% aan Naspers op 1 Oktober 2017. Die jaar-tot-jaar-beweging in die aandelprys van R4.21 tot R1.90 is teen die billikewaardereserwe te boek gestel.

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Drawaarde		
Bruto handelsdebiteure	496 744	536 604
<i>Min:</i> Afskrywingstoelaag	(44 683)	(41 521)
	452 061	495 083

Die ouderdomsontleding van handelsdebiteure sowel as die afskrywingstoelaag per ouderdomskategorie word hieronder aangetoon:

	31 Maart 2020					
	Nie-agterstallig	30 dae en ouer	60 dae en ouer	90 dae en ouer	120 dae en ouer	Totaal
Bruto handelsdebiteure	348 224	96 515	18 914	6 757	26 334	496 744
Afskrywingstoelaag	(13 867)	(4 789)	(4 010)	(1 685)	(20 332)	(44 683)
Totaal	334 357	91 726	14 904	5 072	6 002	452 061

<i>Verwagte afskrywingskoers</i>	(4%)	(5%)	(21%)	(25%)	(77%)	(9%)
----------------------------------	------	------	-------	-------	-------	------

	31 Maart 2019					
	Nie-agterstallig	30 dae en ouer	60 dae en ouer	90 dae en ouer	120 dae en ouer	Totaal
Bruto handelsdebiteure	367 270	113 321	11 358	7 287	37 368	536 604
Afskrywingstoelaag	(66)	(17 454)	(1 317)	(1 990)	(20 694)	(41 521)
Totaal	367 204	95 867	10 041	5 297	16 674	495 083

<i>Verwagte afskrywingskoers</i>	0%	(15%)	(12%)	(27%)	(55%)	(8%)
----------------------------------	----	-------	-------	-------	-------	------

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Drawaarde		
Voltooido produk, handelsvoorraad en verbruiksgoedere	472 828	511 019
Onvoltooido werk	19 231	15 102
Bruto voorraad	492 059	526 121
<i>Min:</i> Voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voorraad ⁽¹⁾	(132 108)	(78 982)
Netto voorraad	359 951	447 139

(1) In 2020 is ’n voorsiening van R55m in Superbalist, ons e-modebesigheid, geskep.

	31 Maart	
	2020	2019
	R’m	R’m
Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop		
– Eiendom, aanleg en toerusting	97 678	—

Gehou-vir-verkoop-bates van R97.7m soos op 31 Maart 2020 bestaan uit kantoorgeboue in Auckland Park (R90.4m), Bloemfontein (R7m) en twee kleiner geboue in Klerksdorp en Newcastle (R0.3m) wat bestuur besluit het om te verkoop.

Die konsolidering van ons portefeulje eie en gehuurde eiendomme om beter aan besigheidsverelstes te voldoen is ’n belangrike deel van Media24 se inisiatiewe om ons oorkoepelende kostebasis te verlaag en die maksimum opbrengs op ons bates verseker. Die oordrag van die eiendomme sal ver­traag word weens die inperking, maar al die oordragte sal na verwagting teen die einde van September 2020 afgehandel wees.

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Inkomste		
Intekenaar-inkomste	201 137	198 206
Sirkulasie-inkomste	819 953	901 346
Advertensie-inkomste	1 645 012	1 787 537
Verspreidingsinkomste	398 019	395 034
Inkomste uit boekuitgewery en -verkope	545 548	507 822
Inkomste uit e-handel	867 395	556 327
Inkomste uit kontrakuitgewery	105 222	159 819
Ander inkomste	206 651	207 738
	4 788 937	4 713 829

Die groep het die volgende bates en verpligtinge wat verband hou met inkomste uit kontrakte met kliënte in die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken:

	31 Maart	
	2020	2019
	R’m	R’m
Kontrakbates	5 299	2 916
Kontrakverpligtinge	131 271	142 842

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Verlies uit eiendom, aanleg en toerusting	(748)	(3 118)
Wins/(Verlies) uit ontasbare bates	8 670	(9)
Waardedaling van klandisiewaarde	(29 363)	—
Waardedaling van ander ontasbare bates met ’n bepaalde nutsduur	(19 799)	(8 225)
Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	(1 585)	(11 902)
Waardedaling van ander bates	(3 827)	—
Omswaaiing van waardedaling van ander beleggings en lenings	—	175
Dividende uit beleggings	18 175	31 571
	(28 477)	8 492

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Wins uit verkoop van beleggings/besighede	3 955	—
Intergroepkwytskelding van lening	17 462	—
Hermeting van voorwaardelike betalings	3 046	3 592
Verkrygingsverwante kostes	(439)	—
Groei op winskoopverkryging	6 310	—
	30 334	3 592

	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
	R’000	R’000	R’000	R’000
Bates				
Valutakontrakte	—	2 807	—	2 807
Teen billike-waarde-via-wins-of-verliesbeleggings	—	—	1 600	1 600
Teen billike-waarde-via-ander-omvattende-inkomste-beleggings	115 104	—	—	115 104
Totaal	115 104	2 807	1 600	119 511
Verpligtinge				
Voorwaardelike aanspreeklikheid	—	—	8 391	8 391
Totaal	—	—	8 391	8 391

	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3	Totaal
	R’000	R’000	R’000	R’000
31 Maart 2019				

Valutakontrakte	—	656	—	656
Teen billike-waarde-via-ander-omvattende-inkomstebeleggings	255 053	—	—	255 053
Totaal	255 053	656	—	255 709

Voorwaardelike aanspreeklikheid	—	—	19 162	19 162
Totaal	—	—	19 162	19 162

Vlak 1: Billikewaardemetings is metings verkry van gekwoteerde (onverrekende) pryse in aktiewe markte vir identiese bates of laste. Vlak 2: Billikewaardemetings is metings verkry van insette buiten gekwoteerde pryse ingesluit by vlak 1 wat waarneembaar is vir die bate of las, hetsy direk (dws as pryse) of indirek (dws afgelei van pryse).

Vlak 3: Billikewaardemetings is metings verkry van waardasiemetodes wat insette vir die bate of las gebruik wat nie op waarneembare markdata gebaseer is nie (onwaarneembare insette).

	31 Maart	
	2020	2019
	R’m	R’m
Kapitaalbesteding	1 647	15 045
Bedryfshuurverpligtinge ⁽¹⁾	2 942	145 728
Ander verpligtinge ⁽²⁾	50 909	—
	55 498	160 773

(1) Die groep het IFRS 16 Huurkontrakte op 1 April 2019 geïmplementeer. Sien aantekening 2 vir besonderhede.

(2) Onvervulde koopopdragte deur Superbalist.

14. Verwanteparty-transaksies
Die groep het in die gewone gang van sake verskillende verwanteparty-transaksies aangegaan. Op 23 Maart 2020 het Naspers Beperk sy leningsels van R558m teen Media24 Beherend Eiendoms Beperk sonder vergoeding aan Media24 Eiendoms Beperk geskenk en gesedeer. Afgesien van hierdie verandering was daar geen wesentliche veranderinge in verwanteparty-transaksies en -saldo’s sedert die vorige oorsigtydperk nie.

Die groep neem deel aan ’n kontantpoelskema van die Naspersgroep. "Lenings en bedrae ontvangbaar" sluit kontant ten bedrae van R897m (2019: R990m) in wat by Naspers Tesourie belê is.

15. Beduidende besigheidsamevoegings
Media24 Boeke Eiendoms Beperk het die oorblywende 30%-aandeelhouing in Nasou Via Afrika Eiendoms Beperk met ingang van 26 April 2019 van BiProps 6 Eiendoms Beperk vir R15m verkry, en daardeur sy eienaarskap tot 100% verhoog. ’n Besigheidsamevoegingreserwe van R22m en nie-beherende belang van R37m is te boek gestel. Fashion United SA Eiendoms Beperk het op 5 September 2019 ’n transaksie afgehandel om die bates en laste van Design Liaison Eiendoms Beperk, ’n kiereontwerpsentrum, vir R18m te verkry. Dit het die erkenning van ’n ontasbare bate van R10m en ’n winskoopverkryging van R6m via die inkomstestaat tot gevolg gehad.

16. Lopende saak
Die finansiële jaarstate is opgestel op die rekeningkundige beleidsgrondslag van toepassing op ’n lopende saak. Gebaseer op ramings en beskikbare kontantbronne het die groep voldoende bronne om sy werksaamhede in die afsienbare toekoms as ’n lopende saak voort te sit. Op 31 Maart het die groep kontant en kontantekwivalente ten bedrae van R219m gehad, en ’n kontantbelegging van R897m by Naspers Tesourie.

Die nasionale staat van inperking het ’n paar dae voor die einde van die 2020-boekjaar in werking getree en ’n minimale impak op ons voljaresultate vir hierdie tydperk gehad. Aangesien handel in die aanvanklike inperkingstyd tot die lewering van noodsaaklike dienste beperk is, en boeke as nie-noodsaaklike goedere geklassifiseer is, is boekverkope wesenlik geraak. Ons e-handelbesigheid is ook nie toegelaat om gedurende die tyd van strengste inperking handel te dryf nie. Dié verbod is op 1 Mei 2020 gedeeltelik opgehef, en op 15 Mei 2020 ten volle.

Tydens die lopendesaak-beoordeling is die impak van die Covid-19-pandemie op die groep se bedrywighede en likiditeit met die opstel van ramings in aanmerking geneem. Die direksie is van mening dat die groep die nodige finansiële veerkragtigheid het om Covid-19 se verwagte moontlike negatiewe impak op die groep se besighede in die volgende boekjaar teen te werk.

	31 Maart	
	2020	2019
	R’m	R’m
Bedryfsverlies soos per inkomstestaat	(221 816)	(367 328)
Aanpassings: Nie-kontant en ander	275 170	152 211
Bedryfskapitaalbewegings	(4 611)	(133 615)
Kontant gegeneer uit/(aangewend in) bedryfsaktiwiteite	48 743	(348 732)

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Bedryfsverlies	(221 816)	(367 328)
Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit)	22 656	14 484
Ander netto winste	28 477	(8 492)
Aandeelgebaseerde betalingskoste – ekwiteitsvereffen (beperkte effekte-eenhede uitgesluit)	24 971	27 719
Rente op finansiële bruikhuurkontrakte	(6 511)	—
Handelsverlies	(152 223)	(333 617)

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers	(48 216)	(254 625)
Aangesuiwer vir:		
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	54 574	19 952
– Wins/(Verlies) met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en ontasbare bates	(7 922)	3 128
– Waardedaling van geassosieerde maatskappye	—	16 004
– Groei op winskoopverkryging erken met verkryging	(6 310)	—
– Wins uit verkoop van beleggings	(21 417)	—
Totale belastingeffek van aansuiwerings	34	49
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	3 092	38
Wesensverlies	(26 165)	(215 454)
Aangesuiwer vir:		
– Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit)	8 851	8 286
– Valuta-verliese/(-winste)	672	(3 158)
– Onterkenning/(Erkenning) van uitgesteldebelasting-bates wat met vorige jaar se verliese verband hou	19 567	(3 877)
– Hermeting van voorwaardelike aanspreeklikheid	(3 046)	(3 592)
– Verkrygingsverwante kostes	439	—
– Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	24 760	27 719
Kernwesenswins/(-verlies)	25 078	(190 076)

	31 Maart	
	2020	2019
	R’000	R’000
Direkteure		
R C C Jaffa (voorsitter), I Davidson, T D Petersen, J P Bekker, K R Mthimunye, J C Held, E Weideman, M Patel		
Groepmaatskappysekreтарыs		
L J Jacquet		
Geregistreerde kantoor		